# Hoofstuk van die dag: Miga 7

> *Wie is 'n God soos U? (vers 18)*

Te midde van 'n see van ongeloof en spotters, bly Miga rotsvas

glo: “Maar ek sal vertrou op die Here,” hou hy vol (vers 7). Wanneer alles om jou verkeerd is en mense spottend vra waar is die God op Wie jy hoop, is dit juis die tyd om jou oë op Hom te rig. Dís wanneer jou geloof groei, want jy ontdek in sulke oomblikke dat God jou nie los nie.

Daarom breek Miga aan die einde van die hoofstuk in ’n loflied uit. Niemand is soos God nie – Hy is genadig, Hy vergewe, Hy bly getrou.

Die bekende Switserse teoloog Karl Barth het Hom die Gans Andere genoem; heeltemal anders. Hy pas in geen boksie in nie. Hy is die Een wat ons bly verras, juis omdat Hy nie soos ons is nie. Omdat Hy nie wrokkig is nie. Omdat Hy al ons sonde in die diepsee gooi.

As God nie só was nie, het nie een van ons dit gemaak nie, en sou ons nie met hoop kon leef nie.

Dalk is dit ’n goeie tyd om nou stil te word in verwondering voor God en saam met Miga te jubel: Wie is ’n God soos U?

NB: Ons begin môre met die boek Openbaring.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

© Bybelkoerant 2018 – 2026